Laerskool Jan van Riebeeck

KLOOFSTRAAT 52 KAAPSTAD 8001 ☎ 021 423 4209 FAKS: 021 423 4210/424 2375
EPOS: jhoosthuizen@gmail.com WEBTUISTE: www.jvrprim.co.za
SKOOLHOOF: J H Oosthuizen

REKENAAR- EN INTERNETGEBRUIKSBELEID VIR LEERDERS

Doel:

Rekenaarvaardighede vorm 'n integrale deel van die leerplan by Laerskool Jan van Riebeeck. Dit sluit die gebruik van internet en e-pos in. Dit genoodsaak dus die implimentering van 'n toepaslike beleid.

Die motivering van die beleid is om alle wetlike aspekte na te kom asook die misbruik van internet uit te skakel en sodoende die nodige beskerming te verskaf aan beide Laerskool Jan van Riebeeck en leerder. Hierdie riglyne is ook daarop gemik om duidelike maatreëls vir die gebruik van die internet en e-pos te hê.

Op wie is dit gerig?

Die riglyne is van toepassing op alle leerders van Laerskool Jan van Riebeeck. Dit sluit nie oud-leerders in nie. Daar sal geen toegang tot die skool se rekenaars of internet aan hulle verleen word nie. Die uitsondering is hoërskoolkinders van ons skool se personeel, in welke geval hulle aan dieselfde reëls soos vervat in hierdie dokument, onderwerp word.

Privaatheidsklousule.

Neem kennis dat enige en alle inligting, ongeag die natuur daarvan, sal beskou word as die eiendom van Laerskool Jan van Riebeeck en mag dus ondersoek word deur die afgevaardigde verantwoordelike persoon betreffende internet aangeleenthede.

Sekuriteitstoepassing en gebruiksmonitering.

1. Laerskool Jan van Riebeeck behou die reg voor om alle internetgebruik en elektroniese kommunikasie (e-pos) te monitor, reguleer, lees en om dit bekend te maak onder die volgende omstandighede:

- Genoegsame rede bestaan om ongewenste aktiwiteite te vermoed.
- Om ongewenste, infiltrerende sagteware te stop en/of te verwyder wat inbreuk maak op gebruikerprivaatheid en/of die netwerk bedreig.
- Genoegsame rede bestaan dat 'n ander leerder geboelie word.

2. Toegang tot die internet is 'n vergunning en nie 'n reg nie. As sodanig word daar van alle gebruikers verwag om die integriteit van Laerskool Jan van Riebeeck te onderskryf. Dit sluit in die sekuriteit, beeld en reputasie van Laerskool Jan van Riebeeck te alle tye. Die leerder het dus 'n verantwoordelikheid om enige onaanvaarbare, onwettige, of agterdogtige aktiwiteite en/of enige aktiwiteit wat in teenstelling is met hierdie beleid, te rapporteer.

3. Alle leerders wat die gebruikersreëls verbreek, se voorreg tot die skoolrekenaars en of internet, sal onmiddellik opgeskort word tot verdere kennisgewing. Ouers sal skriftelik in kennis gestel word van so 'n oortreding.

Gebruikersreëls (Internetgebruike wat kan lei tot dissiplinêre aksie):

1. Geen programmatuur mag afgelaai word van die internet af nie.
2. Moenie jou gebruikersnaam en toegangskode vir iemand anders gee nie.
3. Raadpleeg onmiddellik die rekenaaronderwyser indien daar probleme ondervind word met jou gebruikersnaam en toegangskode.
4. Moenie kuberkraker speel nie. ("HACK")
5. Vermy onaanvaarbare webtuistes (bv. Casinos) wat persoonlike inligting vra of gratis sagteware aanbied.
6. Neem kennis dat daar kopiereg bestaan op alle sagteware in gebruik.
7. Geen navorsing mag woordeliks gebruik word vir 'n taak nie en word as plagiaat bestempel.
8. Enige verwydering of herprogrammering van die standaard anti-virus program is verbode.
9. Die internetdiens is 'n voorreg, en nie 'n reg nie. Die skool betaal vir internetgebruik en dus moet dit oordeelkundig gebruik word.
10. Besoek en verspreiding van ontoepaslike informasie of materiaal is verbode. (VLAK 2-3 oortreding)
11. Stuur van ketting-briewe is verbode.
12. Pogings om toegang te verkry tot ander gebruikers se rekenaarwerk en/of e-pos is ontoelaatbaar. (VLAK 1oortreding)
13. Enige wetsoortreders sal vervolg word. (VLAK 3 oortreding)
14. Daar sal opgetree word teen leerders wat opsetlike herprogrammering van die hardeskyf en/of netwerk doen, met die doel om te vernietig (VLAK 2-3 oortreding)
15. Geen leerder mag die internet of e-pos gebruik as daar nie 'n leerkrag teenwoordig is nie.
16. Die rekenaarsentrum is Maandag- tot Vrydagmiddae tot ons leerders se beskikking vir skoolwerk: take, navorsing en opvoedkundige speletjies bv Mathletics. Dit geskied onder toesig van die rekenaaronderwyser.
17. Leerders van ons skool mag van die sentrum se drukker gebruik maak teen 'n minimale vasgestelde fooi.

Laerskool Jan van Riebeeck

KLOOFSTRAAT 52 KAAPSTAD 8001 ☎ 021 423 4209 FAKS: 021 423 4210/424 2375
EPOS: jhoosthuizen@gmail.com WEBTUISTE: www.jvrprim.co.za
SKOOLHOOF: J H Oosthuizen

KONTRAK: Rekenaar-en internetgebruiksbeleid vir leerders

Sou 'n leerder twyfel oor 'n spesifieke aktiwiteit, berus die onus op die leerder om vooraf te konsulteer met 'n onderwyser. Onkunde van enige aspek rakende hierdie beleid en enige redelike uitvloeisels daarvan, sal nie gesien word as vrywaring nie.

Ek verstaan en onderneem om die reëls, soos beskryf in hierdie dokument, te alle tye te onderhou en dat verbreking daarvan kan lei tot dissiplinêre aksie.

Handtekening (Leerder): …….

Drukskrif: …….

Graad: …….

Ek neem kennis dat my kind onder die voorwaardes toegang tot die internet sal verkry en dat alle voorregte aangaande die geleentheid opgeskort sal word indien enige van die reëls oortree word. Ek verstaan dit ook dat Laerskool Jan van Riebeeck die oortreding in 'n ernstige lig sal beskou.

Handtekening (Ouer/Voog): …….

Drukskrif: …….

Datum:……..

Enige vrae in die verband kan gerig word aan louisevd@jvrprim.co.za

Dankie vir u samewerking in die verband.